Rektor.


# die wapad

Jaargang XVI WOENSDAG, 8 MAART 1961 Nr. 1

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.


## Die galgtou wag



Hierdie eerstejaar het hom aan allerhande wangedrag skuldig gemaak en is veroordeel tot blywende rus . . . Die ouhere links is Johan Serfontein en H. B. van der Walt.

# PREMIER EN DR. JAN STEYN ONTVANG ERE-GRADE

DIE GRADEDAG VAN DIE UNIVERSITEIT VIND VANJAAR NIE MEER SOOS AANVANKLIK AANGEKONDIG IS OP 18 MAART PLAAS NIE MAAR WEL OP 29 APRIL OP OLëNPARK.

By hierdie geleentheid sal twee ere-doktorsgrade uitgereik word. Die Eerste Minister, dr. H. F. Verwoerd, sal 'n ere-graad in die regte ontvang terwyl dr. Jan Steyn, L.V. vir Potchefstroom, 'n ere-graad in die ekonomiese wetenskappe sal ontvang.

Dit was deur die toedoen van hierdie twee persone dat die P.U. sy plek as selfstandige universiteit onder Suid-Afrikaanse universiteite kon inneem.

### ALBEI HUISE

In 1950 is 'n private wetsontwerp deur sowel die Volksraad as die Senaat geloods waardeur die inrigting selfstandigheid verkry het met behoud van sy christelike karakter. Laasgenoemde is moontlik gemaak deur die aanvaarding van die gewysigde gewetensklousule.

Die Goewerneur-generaal het bepaal dat vanaf 17 Maart 1951 die P.U.K. vir C.H.O. bekend sal staan die P.U. vir C.H.O.

Die promotor van die wetsontwerp in die Volksraad was dr. Steyn en in die Senaat dr. Verwoerd.

### NUWE TOGA'S

Nuwe goudkleurige toga's vir doktorsgrade sal vanjaar 'n besonderheid tydens gradedag wees. Hierdie



Dr. Jan Steyn, L.V.

toga's is van spesiale ingevoerde materiaal gemaak en die P.U. beskik tans oor slegs tien daarvan.

Anders as in die verlede huur graduandi vanjaar hulle toga's regstreeks van die firma Cachet Modes en nie van die Universiteit soos in die verlede nie. Alle graduandi sal teen die middel van Maart 'n omsendskrywe ontvang waarin reëlings in verband met gradedag uiteengesit sal word.

Studente wat in Potchefstroom woon, kan teen die middel van Maart hul inligting afhaal by die organiseerder, mnr. C. J. H. Schutte.—(Eie berig.)



Dr. H. F. Verwoerd.

# P.U. ontvang 8 morg grond vi verdere uitbreiding

DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT het aan die einde van verlede jaar die grootste enkele skenking in sy geskiedenis ontvang. Die Stadsraad het besluit om iets meer as 8½ morg grond waarvan die totale waarde op sowat R100,000 gestel word, vir verdere uitbreidings aan die Universiteit te skenk.

Die Universiteit het reeds sowat twee morg ten weste van die spoorlyn besit. Daarop is Dawie du Plessishuis, met huisvesting vir 150 studente, gebou.

Op die meer as tien morg wat die Universiteit voortaan ten weste van die spoorlyn sal besit, sal al die manskoshuise wat die Universiteit in die voorsienbare toekoms nodig sal hê, gebou kan word.

### DRIE VERDIEPINGS

Die grond lê net ten weste van die hoofspoorlyn en strek van Meyerstraat in die suide tot aan Jan Smutslaan in die weste en die Sackville-oorgang in die noorde.

Met die oog daarop dat die Universiteit graag dadelik met die bou van die nuwe koshuis vir 150 mans wil begin, het die stadsraad besluit om die Universiteit toestemming te verleen om voort te gaan met die beplanning van die gebou.

Die nuwe koshuis sal 'n gebou van drie verdiepings wees, wat die Universiteit die geskikste grootte vir 'n manskoshuis ag.

### LABORATORIA

Die noodsaak om meer en groter laboratoria te verskaf, het die Universiteit verplig om verlede jaar een van sy kleiner koshuise, Postmahuis, te sloop. 'n Nuwe dierkundelaboratorium word tans op die perseel opgerig.

Vanjaar sal nuwe laboratoria op die grasperke tussen Ons Huis en Heimat gebou word, waarna Ons Huis heeltemal deur laboratoria omring sal wees. Hierdie koshuis sal metterjaar ook gesloop moet word.

Die Universiteit beskik tans oor sowat 70 morg op die Bult en 'n plaas van ongeveer 280 morg net benoorde die Potchefstroomse dam. Hierdie plaas kan egter voorlopig nie nuttig vir uitbreiding gebruik word nie hoewel dit later uitermate geskik sal wees vir die beplande landboufakulteit.—(Eie berig.)



Mnr. H. H. Holtzhausen, burgemeester van Potchefstroom.

# Die oue en nuwe ontmoet en stap die toekoms in

„DIE OUE MAAK MET die nuwe kennis en die nuwe met die oue. Tog moet hulle besef dat hul materieel nuwelinge is en bly," het prof. D. J. van Rooy Saterdagaand tydens die Ontheffingsgeselligheid in sy welkomswoord aan die eerstejaars gesê.

Prof. Van Rooy het die hoop uitgespreek dat die geselligheid die voorspel is van 'n aangename en vrugbare jaar. Namens die Universiteit as geheel het hy die nuwelinge verwelkom.

Hulle is nou deel van 'n inrigting waar al die studente besiel is met die eenheidsstrewe om die ideaal van „In U Lig" uit te bou.

Die heildronk op die groentjies is deur prof. L. J. du Plessis ingestel. Hy het hulle gewys op hul toekomstige taak as leiers van Afrika.

### SKYNONTHEFFING

Eerstejaar Fanie du Plessis het namens die nuwelinge geantwoord en opgemerk dat hulle bang is om aan te neem dat die inlywing nou werklik van die verlede is, gesien in die lig van die skynontheffing van die vorige week. As eerstejaars hoop die nuwelinge om eendag waardige Pukke te wees.

Mnr. C. P. van der Walt het die heildronk op die oudames en -here ingestel en die dineegangers vergas op staaltjies uit sy studentedae.

Die S.R.-voorsitter, mnr. J. J. de Wet Krüger, het op hierdie heildronk geantwoord en die eerstejaars verwelkom in die studentegemeenskap. Namens die teenwoordiges het mnr. Krüger die Geselligheidskomitee bedank vir die aanbieding van die geselligheid. Ook het hy sy dank teenoor mnr. Koos du Plooy as waarnemende voorsitter, die S.R. en die massa uitgespreek vir hul optrede tydens sy afwesigheid.

### WAARBORG SUKSES

Die sangsolo's van mej. Kita du Plooy en mnr. Jan Boneschans en die voordrag van mej. Karien Potgieter het baie tot die sukses van die aand bygedra. Mnr. Hans van Zyl en sy helpers het vir die nodige luim gesorg.

Die hoogtepunt van die aand was die sangduo van prof. Wiekus du Plessis en mnr. S. du Toit, twee van die ere-gaste. Op sportiewe wyse het die twee here „O. Doringblaar" aangehef.

Mnr. Wynand van der Merwe en sy komitee verdien alle lof vir die aanbieding van n' aangename geselligheid. Die voorstelling was 'n paslike wurm-kokon-vlinder motief. Anders as in die verlede was die stoele so gerangskik dat almal die verrigtinge op die verhoog goed kon volg.—(Eie berig.)




STERKTE VIR HIERDIE STUDIEJAAR, VRIENDE!

Hou ook nou ons vensters dop vir hierdie jaar se

**Ontgroenings-foto's**

en kyk sommer na ons

**Portrette-Galery**

**Fotokuns** TOMSTRAAT 82 TELEFOON 3185

Sentrum vir FOTOGRAFIE, GRAMMOFOONPLATE, KUNSVLYT

# RENAISSANCE VAN MUSIEK SEDERT P.U. HEROPEN HET

**DIE STIMULERENDE INVLOED van die Universiteit op alle kunsbedrywighede in Potchefstroom is weer bevestig deur 'n soort semi-renaissance sedert die Universiteit heropen het. Na 'n stilswye van drie tot vier maande word nou gepraat van opvoerings, uitvoerings, plaatopnames, solis- en orkeskonserte en wat nog.**

Vanjaar gaan Die Wapad poog om so ver moontlik sy lesers op hoogte te hou van wat gaan kom, eerder as om relase te gee van wat reeds verby is. Ons gee dus hier vooruitsigte van musiekkonserte wat hopelik aangebied gaan word.

Na die opera wat vandeesmaand opgevoer word, volg die optrede van die Kamerorkes van Münich, onder leiding van Hans Stadlmair. Dawie Couzyn lewer 'n sanguitvoering in Junie, en 'n simfoniekonsert word vir Augustus in die vooruitsig gestel.

Ook word 'n verskeidenheids konsert beoog waarin studente self sal optree. Skynbaar het daar ook die moontlikheid ontstaan van konserte deur die pianis Themeli en die wêreldberoemde violis, Rugiero Ricci, maar het deur die mat geval omdat dit beskou is as finansiële waagstukke, gesien in die lig van gebrek aan ondersteuning van die kant van studente in die verlede.

**COLLEGIUM MUSICUM**

Die eerste instrumentale konsert vind plaas op 23 Maart en word gereël deur die Collegium Musicum. (Berig elders op hierdie bladsy.) Hierdie groep beoog verder 'n konsert gewy aan Suid-Afrikaanse komponiste, 'n liederekonsert, en in Junie 'n orkeskonsert. By hierdie geleentheid tree die koor van die Collegium Musicum op saam met 'n strykorkes onder leiding van Arthur Wegelin, met Pieter de Villiers as solis. Sowel koor as orkes is reeds besig met voorbereidings.

**LIGTE MUSIEK**

Nog 'n groep wat gereeld oefen, is dié van mnr. Charlie Williams wat 'n langspeelplaat met studenteliedjies in vooruitsig stel. Orkeslede van die S.A.U.K. sal hulle bystaan en omdat die afrigting deur Pieter de Villiers gedoen word, gaan die resultaat iets wees om na uit te sien.

Liefhebbers van ligte musiek hoop dat die Alabama studente-orkes hul voornemens van verlede jaar sal deurvoer deur kort programme vir die studente aan te bied. Hulle eerste program (wat verlede jaar aangebied is) het groot byval gevind, en voortsetting daarvan kan lei tot die ontplooiing van 'n ontluikende Satchmo, 'n Shearing, 'n Mulligan of selfs 'n Fitzgerald.

Alles wat hierbo genoem is, dui dus op 'n besige jaar vir die organiseerders en 'n vrugbare tyd vir die konsertganger, mits ons studente deur getroue bywoning verseker dat finansiële verliese uitgeskakel word en op dié wyse die besture die nodige aanmoediging gegee word.—(J.M.)

## 657 Inwoners in Koshuise

**Die totale inwonertal van die P.U. se koshuise het vanjaar op 657 studente te staan gekom.**

In die manskoshuise woon altesaam 296 studente en in die drie dameskoshuise altesaam 361 studente.

Meer as honderd studente loseer buite die koshuise in die dorp.

Die verspreiding van die inwoners in die verskillende koshuise is soos volg: Piet Groblerhuis 73, De Klerkhuis 79, Klawerhof 209, Dawie du Plessishuis 146, Heimat 36, Ons Huis 50, Uitspan 37 en Cachethuis 27.—(Eie berig.)

## Korps en A.S.B. Vergader

Prof. S. J. Marais, hoogleraar in geskiedenis aan die Witwatersrandse Universiteit, tree op Vrydaagaand, 17 Maart in die Studentesaal op met 'n lesing oor die liberale lewens- en wêreldbeskouing.

Prof. Marais sal optree tydens die eerste programvergadering van Korps, deel mnr. P. A. Venter, sekretaris van Korps, Die Wapad mee.

Die eerste programvergadering van die A.S.B. vind op 22 Maart plaas wanneer dr. J. A. Strauss, voorheen van Trans-Afrika, as spreker sal optree.

Na verwagting sal dr. Strauss praat oor die Kleurling in die noorde, verklaar mnr. C. J. H. Venter, sekretaris van die A.S.B.—(Eie berig.)




## Barbiere van Seville op Potchefstroom

Die eerste aanbieding van die P.U. Musiekvereniging vanjaar is 'n opera-uitvoering op 23 Maart. Die groep wat optree is die Rota Operaburo wat hierdie geleentheid onder die regie staan van Alesandro Rota self.

As dirigent tree op Jeremy Schulman wat bekend is vir sy fyn afronding.

Die opera wat opgevoer word, is 'n Afrikaanse verwerking van Rossini se „Barbier van Seville", en die sangers is almal bekende kunstenaars. Die Afrikaanse libretto bring die voordeel mee dat die oningewyde wat die opera nie ken nie, die gang van sake net so maklik sal kan volg.

Omdat die verhoogruimte van die Totius-gedenksaal so beperk is, word die uitvoering in die stadsaal gehou.

Die voorsitter van die musiekvereniging het ook sy hoop uitgespreek dat die studente hulle nie deur die vervoerprobleme sal laat afskrik ni, maar hul volle ondersteuning sal gee.

Alleen op dié wyse kan die bestuur van die vereniging aangemoedig word om groot groepe en bekende soliste hierheen te bring.

## 20,000 PUKKIES VANJAAR OP 23 MAART

**DIE REDAKSIE VAN DIE PUKKIE mik vanjaar hoog en is vas van plan om 'n wins te toon. 'n Oplaag van 20,000 Pukkies word gedruk.**

Indien die drukproses vlot verloop sal die Pukkie op 23 Maart verskyn. Op die aand van die 23ste reël die Pukkieredaksie 'n kermis waarvoor die verskillende sportklubs reeds gevra is om stalletjies op te rig en die aand allerlei snoeperye te verkoop.

Die moontlikheid van 'n judovertoning word beoog en die aand sal sekerlik baie aangenaam wees. Alle studente word uitgenooi om die aand te kom geniet. Dieselfde aand kom die Pukkie op die P.U. gronde aan en word hy onder die studente verkoop.

**VERSPREIDING**

Gedurende dieselfde nag word die vreugdedagblaaie met motors versprei wat die Vrydagoggend na Pretoria, Wes-Rand, Parys en Kroonstad sal vertrek. Ook die bus en kombi word gebruik om die verkopers, mans sowel as dames, te vervoer.

Op Saterdag, 25 Maart sal die Pukkie in Wes-Transvaal en die Vrystaatse Goudveld, nl. Bothaville, Odendaalsrus, en Welkom te koop aangebied word. Sodoende word beoog om meer as 15,000 Pukkies in ander dorpe te verkoop.

**VEVOER**

Reëlings word reeds getref om vervoer te bekom. Die P.U. se bus en kombi is reeds aangevra. Verder word oorweeg om 'n groep studente per trein na Randfontein en Krugersdorp te stuur, indien dit prakties moontlik kan wees.

'n Beroep word op alle studente, veral seniors, gedoen om hulle steun aan die redaksie te verleen en vanjaar met die verkope, veral op ander dorpe, te help. Dames word veral aangemoedig om te help.

Verdere besonderhede sal later verskaf word. Indien u belangstel om u help aan te bied kan u met mnr. J. D. Roode in aanraking kom.

## Weer Botha

*Op 'n byeenkoms te Pretoria Saterdag het P. Botha weer 'n skitterende vertoning gelewer en op 'n sopnat baan die 220-hekkies O/19 in 26.3 sek. gewen. Reën het die byeenkoms in die wiele gery.—(Eie Berig)*

## Duo-konsert op 23 Maart

*Op 23 Maart word 'n konsert deur die Collegium Musicum aangebied, waarin van ons beste plaaslike kunstenaars optree.*

*Die hele program bestaan uit duo's en sluit werke in van Mozart, Brahms, De Bussy en Arnold van Wyk vir klavier; ook sal 'n aantal viooldiuo's gehoor word, waaronder 'n sestal kort werkies van Bela Bartok.*

*Aangesien die keur van ons soliste by hierdie geleentheid optree, word hierdie konsert ten sterkste by alle musiekliefhebbers aanbeveel.*

## A.B.K.K. VRA NUWE LIEDJIES

**Om te verhoed dat sing-songs in 'n starre groef beland, het die A.B.K.K. 'n kommissie aangewys om hierdie saak te ondersoek.**

Verder het die A.B.K.K. ook 'n wedstryd uitgeskryf om nuwe liedjies wat geskik is vir opname in die studentesangbundel, te bekom.

Tot dusver is nog geen reaksie van die kant van die massa ontvang nie en die reëls vir die wedstryd word duidelikheidshalwe herhaal.

Liedjies moet op bekende en gewilde wysies gesing kan word en moet die A.B.K.K. voor die einde van Maart bereik. Die beoordeling sal waargeneem word deur 'n paneel van beoordelaars en die liedjies sal tydens sing-songs deur die massa gesing word.

Aantreklike geldpryse wag op ons aspirant digters.—(Eie berig.)

**Dames!**

**PROTEA APTEEK**

Spesialiseer in Skoonheidsmiddels:

★ HELENA RUBENSTEIN

★ Dr. PAYOT

KERKSTRAAT 86

**W. LINDEQUE**

'N SKOENSPESIALIS VAN FAAM!

KERKSTRAAT 64 TELEFOON 1280

Ook 'n tak binne u bereik, in

**Joubert se Fiets- en Elektriese Dienste**

SPESIALE PRYSE VIR STUDENTE



**NSU**

★ MOTORFIETSE

★ BROMPONIES

★ BROMFIETSE

★ TRAPFIETSE

HERSTELWERK EN ONDERDELE

**PARK FIETSWINKEL**

(F. F. Tranter)

Tel. 995. H/v Van Riebeeck- en Lombardst., Potchefstroom



*„Aitsa!"*

*As die DAMES so sê moet jy weet die Jongeheer koop sy klere by:*

**J. TOD SUTTIE**

Kerkstraat 177 — Telefoon 1

POTCHEFSTROOM

**Doyle & Pretorius**

DIE ELEKTRIESE WINKEL

vir u

ELEKTRIESE INSTALLASIES, REPARASIES en ELEKTRIESE BENODIGDHEDE

Telefoon 3168 Kerkstraat 83

**W. J. SPAVINS & SEUN**

VIR —

★ ELEKTRIESE REPARASIES en TOEBEHORE

★ ORNAMENTE

★ DRAKENGAS

KERKSTRAAT 101 TELEFOON 185

LUC AISSING

KLEREMAKER

Kerkstraat 82 Tel. 3249

POTCHEFSTROOM

HEIDEMA

DIE ADRES VIR:

FIETSE

TIKMASJIENE

BROMFIETSE

Kerkstraat 48 Telefoon 364

POTCHEFSTROOM

*Kwaliteit?*

*Inderdaad, my vriend!*

BY

H. & H. JUWELIERS

KERKSTRAAT 129

TELEFOON 1031

VIR EGTE

Fuller Borsels

BEL 658 — LICHTENBURG

Slegs verkrygbaar by

MNR. PÖHL

Scholtzstraat 17, LICHTENBURG

KOM NA DIE

"SHINE"

VIR 'N POTJIE SNOOKER

en

PRYSE SO REG NA DIE STUDENT SE SAK

Onthou

3091

Skakel hierdie nommer vir

diens!

DIE BULT APTEEK

TOMSTRAAT 86

Ons spesialiseer in:

★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate

★ Egte Franse DANA PARFUUM, en

★ Aptekersbenodigdhede

ONDERSTEUN OUD-PUKKE

die wapad

## REDAKSIE EN ADMINISTRASIE

| | |
|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Dirk Herbst (X041 of 523) |
| ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR | Dewald Roode (1566) |
| NUUSREDAKTEUR | Izak Lessing (425) |
| REDAKTEUR INTERUNIVERSITÊR | Prinsloo Potgieter (X041) |
| REDAKTEUR STUDENTERAADSNUUS | Piet Bingle (X068) |
| REDAKTEUR VARIA | Johan Serfontein (X041). |
| KUNSREDAKTEUR | Johan van der Merwe (19) |
| SPORTREDAKTEUR | Piet van der Schyff |
| PROEFLESER | Marius Aucamp (X068) |
| PENNINGMEESTER | Nic Swart (X041). |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Ernie van der Merwe (X041) |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Barend Lessing (425) |
| SEKRETARESSE | Breggie van Rooy (X044) |
| FOTOGRAAF | Hannes Sauerman (X041) |
| VERSLAGGEWERS | |

Elsa Pelser, Herman Steyn en Richards en Faan Oosthuizen (sport) en Hermien le Roux en Frik van Deventer (varia). Leon Croeser (nuus), Irene Rumpff (kuns en kultuur), Albertha Howell, Antonie

# DIE PAD VORENTOE

DIE JAAR 1960 SAL in die geskiedenis van Suid-Afrika altyd aangeteken staan as 'n met dinamiet belaaide jaar. Die nuwe jaar het in alle opsigte erfgenaam geword van sy voorganger.

Aan die einde van 1960 moes ons opnuut pynlik bewus word daarvan dat die blankes van hierdie land mekaar maar nie kan vind nie. Terselfdertyd het ons met ontsteltenis 'n gefladder in die duiwehok onder Afrikaners oor ons land se gewigtigste vraagstuk waargeneem.

Dat 1961 'n belangrike jaar is, kan geen mens ontken nie. Tans stel ons Premier in Londen S.A. se saak op die Statebondskonferensie en eersdaags dien 'n saak teen S.A. in die wêreldhof oor Suidwes. Albei hierdie sake kan vir ons verrykende gevolge hê.

In die nuwe jaar gaan die Unie van S.A. ook verander word tot die Republiek van S.A. en is 'n nuwe geldstelsel reeds ingevoer. Hierdie veranderings wat albei van diep ingrypende aard is, het egter nie met rewolusie nie maar met ewolusie gepaard gegaan. Hulle het albei gegroei uit 'n strewe en verlange om 'n eie Suid-Afrikaanse lewenswyse aan te kweek.

In hierdie lig moet die taak van die nuwe jaar dan ook gesien word. In die lewe kan daar nou eenmaal geen stilstand wees nie en daarom kan ons nie verwag dat na 31 Mei a.s. 'n soort millennium oor S.A. gaan neerdaal nie. Ook die Republiek gaan in alle opsigte erfgenaam word van die Unie van S.A. Laasgenoemde het ernstige en groot vraagstukke waaraan Republiekwording nie die minste verandering bring nie.

Met name geld hier die rassevraagstuk wat na 31 Mei net so aktueel en ernstig sal wees as vandag. Met reg kan gestel word dat die toekoms van die republiek in die eerste plaas afhang van die wyse waarop die rassevraagstuk in die nabye toekoms aangepak sal word.

Die wêreldtoneel sal in die jaar wat voorlê sekerlik meer verdonker. Dit is hierdie moontlikheid en die gevare wat daarmee saamhang wat veroorsaak dat die groot vraagstuk wat swaar oor ons hang so spoedig as wat omstandighede dit maar toelaat, behoorlik opgelos moet word.

In die ou ordes van „Donker Afrika" het in 1960 'n beslissende wending gekom—die winde van verandering het orkane geword wat ordes en bedelinge verwoes en die status van die mense van Afrika ingrypend verander het. Die staatkundige omwenteling het hom ontplooi in 'n magtige epog van bevryding wat miljoene raak, wat vreemde beheer meedoënloos vernietig en die Afrika-toneel in sy wese hervorm het.

Vir ons in Suid-Afrika het die toets van die tyd aangebreek. Ons het onsself vrygeveg van koloniale onderdrukking en nou word ons bestaan bedreig op grond daarvan dat ons onderdrukkers sou wees.

Maar die pad vorentoe is vir ons neergelê in 'n hoofartikel in **Die Transvaler** van 5 November 1960: „Die tyd is verby waarin ons onsself die weelde kan veroorloof om die saak (die rassevraagstuk) op die skouers van ander te werp. Dit het nou 'n saak geword van spoedige skeiding of . . . verswelging."

Vir hierdie taak en vir die behoud van blanke Suid-Afrika sal die Afrikaanse Studentebond en die Studenterade van die Afrikaanse Universiteite hulle in die nuwe jaar weer ten volle gee.

Maar dit is ook ons hoop en ook ons beroep op diegene wat in die verlede nie met ons saam gevoel het nie om op 'n grondslag van gemeenskaplike trou en liefde en in 'n gees van diensvaardigheid saam te span en aan die toekoms te bou.

Dit is nie één party, één taalgroep of één organisasie se werk nie. Dis almal se verantwoordelikheid. Dis 'n dure verpligting wat op elkeen gelê word wat S.A. waarlik lief het —so iemand kan daaraan nie ontsnap nie.

# S.R.-VOORSITTER SE WELKOMSWOORD

Voordat ons ons oë kon uitvee, was drie maande van rus, wat miskien in verandering van werk bestaan het, verby. Almal staan reeds vol in die tuig.

Namens die Studenteraad en myself 'n hartlike welkomswoord aan al die senior studente wat weer hul opwagting hier aan ons Alma Mater gemaak het. Vir u wat verlede jaar nie onbekroond gearbei het nie, wens ons 'n ewe voorspoedige nuwe akademiese jaar toe en aan u wat die paal om een of ander rede nie kon haal nie sê ons: Vastrap en sterkte met die nuwe poging!

Soos jaarliks die geval is, het daar vanjaar ook weer 'n groot aantal nuwelinge by ons geledere aangesluit. Ons wense is dat u, geagte eerstejaars, baie gou u voete in ons Universiteit sal vind en dat u arbeid op akademiese gebied nie nodeloos sal wees nie. Maar weet dat die toekoms van die studentelewe ook in u hande rus. Baie gaan van u verwag word maar u gaan ook baie ontvang. Hartlik welkom in ons midde en wees welbewus van u P.U.kanerskap.

### GUNSTIG BEGIN

Die nuwe akademiese jaar met sy vele kanse en geleenthede het onder baie gunstige omstandighede begin. Laat ons ons reeds nou besin oor hoe ons die beste van ons geleenthede gebruik gaan maak. Een ding is baie duidelik: die jeug van vandag. waaronder ook u en ek, leef in die branding van 'n ontstuimige eeu.

Soms is dit moeilik om vir onsself koers en rigting uit die doolhof van verwarring te kry. Maar aan die ander kant moet ons erken dat ons nog in 'n bevoorregte posisie leef.

Hoe lank die tyd vir ons as studerende jeug so gunstig gaan bly, val oop vir spekulasie. Wel kan gekonstateer word dat ons sal moet leer om harder te werk en die tyd uit te koop.

### BLANKE BESKAWING

Indien ons as draers van die blanke christelike beskawing steeds ons lig bokant die golwe van die aanrollende swart heidendom uit die Noorde wil laat skyn, sal ons moet ontwaak uit ons beswyming van voorspoed en weelde. Laat ons ons oë nie sluit vir die gevare wat dreigend oor ons hang nie.

Van elkeen van ons studente, vertolkers van die ideale en toekomstige leiers van 'n christelike volk, sal verwag word om onwrikbaar in wese en onstuitbaar in krag voort te stu op die grondslag van die Woord van God en met die beginsels daarvan in ons harte vasgeknoop totdat die waarheid triomferend uit die stryd sal tree.

### GROOT BELANG

In die nuwe jaar sal ons as studentemassa en as Studenteraad beslissings van die grootste belang moet maak. Vir wegskram is daar nie kans nie. Ons moet in duidelike taal spreek; 'n taal waarvan ons lewenswandel 'n openlike getuienis sal wees. Ons sal toegewings moet maak maar dan alleen sonder die prysgawe van beginsels.

Behalwe die belangrike en beslissende besluite en take wat geneem en uitgevoer sal moet word, sal ons ons ook trou moet bewys in die minder belangrike wat van ons verwag word. Wie nie in die kleine getrou kan wees nie, sal nog minder die grotere met sukses volbring.

### VERWAGTING

Van elkeen van u, geagte P.U.-studente, verwag ons dan alles waartoe u in staat is en watter posisie u ookal staan, of u nou die eenvoudigste taak of die belangrikste plig te vervulle het op watter terrein van die lewe ookal, akademie, studentelewe, plaaslik of interuniversitêr, wees ten alle tye op u pos.

Ten slotte wil ek die hoop uitspreek dat daar vanjaar ten alle tye die nouste samewerking tussen die studente onderling en tussen studente en doserende sowel as administratiewe personeel sal wees. 'n Voorspoedige jaar aan u almal!—J. J. DE WET KRÜGER.

# DIE P.U. EN SY VAN

AAN DIE BEGIN van 'n nuwe akademiese jaar waar ons studentegeledere andermaal versterk is deur 'n paar honderd eerstejaarstudente is dit goed dat ons 'n wyle vertoef by die vraag: Wat wil ons met die P.U. vir C.H.O. en waarheen wil ons Universiteit?

Die inrigting waarheen u u by herhaling of vir die eerste keer vir akademiese opleiding gewend het, vind sy bestaansreg daarin dat die wetenskap hier in die lig van die Skrif beoefen word. Die toevoeging van die „vir C.H.O." aan die „P.U." mag nooit as 'n blote ornament beskou word nie.

Deur die hoogste wetgewende liggaam van die land is dit vasgelê dat hierdie inrigting 'n christelike wetenskap mag doseer en uitbou en van hierdie geleentheid wil en moet ons gebruik maak ook in die uitbouing van ons lewens- en wêreldbeskouing.

Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing moet leidend, leidinggewend en rigtinggewend wees vir die uitbou van ons wetenskap. **Terselfdertyd** moet ons waak dat C.H.O. nie 'n etiket word wat ons geriefLikheidshalwe kan voorskuif **as afweerwapen** teen so baie aanvalle sonder dat ons presies weet wat om daaronder te verstaan nie.

Besinning en verantwoording oor die christelike beginsels van ons Universiteit is altyd nodig.

As studente beskou ons die P.U. vir C.H.O. dikwels „valer" en „primitiewer" as ander en groter universiteite. Ons betaal hier immers ook losiesgelde, studeer en lê slap en neem deel aan sport en geselligehede (lg. nogal sonder dans of sterk drank!). Wat is ons dan meer aan die universiteit verskuldig as ons betaal wat van ons verwag word?

Ons moet altyd onthou: geen ander universiteit in ons land is universiteit plus 'n van nie. Ons universiteit is verplig om akademiese opleiding plus te gee: plus C.H.O., plus lewens- en wêreldbeskouing, plus christelike, Calvinistiese karaktervorming.

En dit is ons taak: om hierdie plus nie leeg en as aanhangsel by ons verby te laat gaan nie; om hier uit te tree as mense wat 'n eerbare en waardige plek in alle vertakkinge van die samelewing te beklee; om leiersfigure te word—leiers te wees wat lei en werk omdat hulle leiding en werk rus op 'n dieper liggende beginsel.

Mag daardie kosbare beginsel deur u hoog en waardig geag word.

# INTER-UNIVERSITÊRE SOEKLIG

—REDAKTEUR INTERUNIVERSITER

„WHAT DOES THE A.S.B. really want in the field of South African student affairs? Isolation in artificially-bolstered up, cultural organisations?"

Hierdie vraag word gestel deur die voormalige president van Nusas, mnr. John Shingler, in 'n omsendskrywe, gedateer 11 November 1960, aan alle Studenterade.

In Oktober 1960 het mnr. Shingler besoek gebring aan die Afrikaanstalige universiteite, om die moontlikhede tot nouer samewerking te bespreek, en meer spesifiek die moontlikheid dat die Afrikaanstalige universiteite onder Nusas ingeskakel kan word. Na aanleidiing hiervan het 'n brief van 'n korrespondent in die laaste uitgawe van Die Wapad verskyn, waarin Nusas se benadering onder die soeklig geplaas is. 'n Foutiewe weergawe van hierdie brief, tesame met mnr. Shingler se antwoord daarop, vorm een van die afdelings van sy omsendskrywe.

**WATTER GRONDE**

Indien mnr. Shingler, as president van Nusas, die A.S.B. beskryf as 'n „artificially-bolstered up, cultural organisation" en verder ook beweer dat enige studente-organisasie wat 'n beleid van segregasie onderskryf, nie sy standpunt kan regverdig sonder om die regeringsbeleid van eiesoortige ontwikkeling by te sleep nie, dan wonder 'n mens op watter gronde hy die inskakeling van A.S.B.-sentra by Nusas as 'n logiese moontlikheid kan beskou.

Want deur sy uitlatings tas hy die wese aan van die één kragtige samebindende faktor van die Afrikanerstudente, namlik die A.S.B.—die organisasie wat vandag meer as ooit tevore verantwoordelik is vir die uitbouing van die christelik-nasionale idealisme van die Afrikanerstudent.

**TEEN S.A. BELEID**

Dit is bekend dat Nusas selfs op die internasionale platform, bv. op internasionale studentekonferensies, teen die Suid-Afrikaanse regeringsbeleid te velde trek. En mnr. Shingler verwag dat die Afrikanerstudent dit per implikasie sal onderskryf deur homself onder die vleuels van Nusas te skaar. Dis onrealisties.

Dit is baie gevra van enige mens—en daarom ook van enige Afrikanerstudent—om sy oortuiging op hierdie wyse te verloën. Om op die meriete van albei kante in te gaan, sal 'n herhaling van ou argumente beteken. Mnr. Shingler en Nusas is welbekend met ons driebonde beleid, soos veral deur mnr. H. J. D. van der Walt, president van die A.S.B., gestel. Hierdie beleid impliseer 'n veel breër samewerkingsbasis—die basis wat op die huidige stadium onses insiens die enigste realistiese is vir kontak en samewerking tussen die drie Suid-Afrikaanse studentegroepe.

**BELANGSTELLING**

'n Nuwe akademiese jaar het reeds begin vir die hoër opvoedkundige inrigtings in ons land. Ons wil die hoop uitspreek dat die hele studentegemeenskap in Suid-Afrika in hierdie jaar die verwikkelings op interuniversitêre gebied nie alleen met belangstelling en in afwagting sal gadeslaan nie, maar ook met lewenskragtigheid en toewyding daaraan sal deelneem.



**Mnr. A. G. C. (Dries) Yssel is deur die Studenteraad aangewys as nuwe redakteur van Die Besembos. Die nuwe redaksie van Die Besembos is reeds saamgestel en sal binnekort vergader. Mnr. Yssel beoog heelwat veranderings met die opset van die blad. Na verwagting sal Die Besembos vanjaar ook vroeër as ander jare verskyn.**

# A.S.B.-KONGRES VANJAAR IN BLOEMFONTEIN

DIE JAARKONGRES VAN die Afrikaanse Studentebond sal vanjaar vanaf 15 tot 22 Julie aan die U.O.V.S. in Bloemfontein plaasvind.

Die tema vir die kongres is vanjaar Nasionalisme, die betekenis daarvan, die verskyningsvorms wat dit aanneem in S.A. en die wêreld van vandag.

Die president van die A.S.B., mnr. H. J. D. van der Walt, sal binnekort die referate wat deur die verskillende takke gelewer moet word, bekend maak.


**OPENING**

Na verwagting sal die President van die Republiek, of die Eerste Minister of adv. E. H. Louw as spreker tydens die opening van die kongres optree.

Die fakulteitskonferensie sal ooreenkomstig 'n kongresbesluit van verlede jaar geskoei wees op die lees van 'n interfakulteitskonferensie waarby alle fakulteite wat daaraan deelneem, betrokke sal wees en 'n sentrale tema sal toelig.

Die sentrale tema vir die konferensie is Die huisgesin in 'n veranderende wêreld—die bydrae van die wetenskap om hom behulpsaam te wees in die beheersing daarvan.

Aan die P.U. vir C.H.O. is opgedra om 'n studie te lewer oor Die grondslag van die gesin—die invloed van die veranderende wêreld, die christelike wetenskap.—(Eie berig.)



**Mnr. Hennie van der Walt, president van die A.S.B.**

# Met taal beheers die mens, sê Prof. Venter

Met die ampetlike opening van die P.U. op Vrydagaand, 17 Februarie, het die nuwe professor in Afrikaans-Nederlands, dr. Hertzog Venter, hom in sy inougurele rede met die onderwerp „Taal as beheersingsmiddel" as volg uitgespreek:

„As uitgangspunt word aanvaar dat ook taalwetenskap ‚In U Lig' onder die prisma van Gods woord moet staan. Daarom moet in 'n christelike taalwetenskapsoefening alle teorieë oor die ontstaan, wese en funksie van taal van die hand gewys word wat teen die geopenbaarde waarheid van die Skrif indruis. Dit doen die christelike wetenskaplike nie in hooghartigheid nie maar in deemoedige belydenis dat hy ook maar deur 'n spieël in 'n raaisel kyk.

**MENS SE OPDRAG**

„Die mens is geskape na die beeld van God, met 'n spesifieke opdrag om te heers, te ontgin en uit te bou. In hierdie geskapenheid en geroepenheid is die taal gegee as beheersingsmiddel. En die mens het hierdie woord omdat die ewige Logos by God is.

„Die wyse waarop die mens met die taal beheers, word aangedui in die naamgewing van die diere. Kragtens sy kennis het die mens bewussyn van die dinge, en hy beheers die dinge in die woord. In hierdie naamgewing is ook gegee dat taal by die individuele mens ontspruit en nie uit die maatskappy nie en ook nie in die eerste plek ter wille van die maatskaplike verkeer nie.

„Tog lê dit in die wese van die mens en van die taal dat taal ook sosiaal bruikbaar is. Ook deur die maatskappy word die taal beheersend gebruik, en daardeur is die beheervaardigheid van die taal vergroot.

**TEN GOEDE**

„Die oordraagbaarheid van die taal kom ook die beheersing van die skepping ten goede: kennis word van mens op mens en van geslag op geslag oorgedra.

„In elke bewuste beheersingsdaad is die taal middel, behalwe waar die daad tegniek geword het. Vir die beoefening van die wetenskap, die uiterste vorm van beheersing, is taal essensiëel. Dit lê ook die roeping op die wetenskaplike om sy middel te verfyn en doelmatig te maak.

Maar daarmee moet die beheersing nie 'n blote opdoen en meedeel van kennis word nie maar verkondiging van die groot dade van God.

„Dit is die hoogste en suiwerste vorm van wetenskaplike beheersing, en daartoe het die mens net een middel—die taal."—(Eie berig.)

# INTEKENVORM

Persone wat nog nie op Die Wapad vir 1961 ingeteken het nie, word gevra om van hierdie vorm gebruik te maak.

Intekengeld bedra 60 sent vir Studente en R1.00 vir alle ander persone per jaar.

*DIE SIRKULASIEBESTUURDER,*
*DIE WAPAD,*
*P.U. VIR C.H.O.*

*Stuur asseblief Die Wapad aan:*

.................................................................

.................................................................

.................................................................

.................................................................

Hierdie vorm kan of in die Studenteraadsposbussie (138) in die Administrasiekantoor of in die Wapadbussie by die Studenteraadskantoor geplaas word.

## Min Goeie Vertonings

*Slegs enkele goeie vertonings is deur eerstejaars gelewer op die Eerstejaarsbyeenkoms wat op Woensdag 22 Februarie gehou is. Pietman Botha en Hentie Joubert was die uitblinkers.*

*Botha het die 100 tree in die goeie tyd van 10.1 sek. gebuit en in die proses stof in die ervare Thuynsma se oë geskop. Van Vreden, nog 'n eerstejaar, was kort op Botha se hakke. Botha het ook die 220-hekkies in 26.2 sek. gewen.*

*Hentie Joubert, 'n S.A. O/19 kampioen het die 440 tree in die besondere goeie tyd van 50.8 sek. gewen en getoon dat daar nog meer van hom gehoor sal word in die nabye toekoms.*

*Die eerstejaars het nie veel belangstelling getoon vir 'n byeenkoms wat spesiaal vir hulle gereël is nie. — (Eie Berig)*


satisfaksie na die aksie




DIE GEROOSTERDE SIGARET IN DIE SWAAI-TOP DOSIE
ONGEKURK EN FILTER

# Oor en op die Campus

Hallo, hallo almal—ja jy ook!

Ek hoop julle het almal 'n aangename en suksesvolle vakansie agter die rug. Te oordeel aan die bokseile vol kyste en erger dinge was dit voorwaar ook 'n vrugbare vakansie.

Maar nou is ons terug, en moet ons ons aandag by die ander dinge van die Puk ook bepaal. Gelukkig vir julle gaan ek dit voorlopig ignoreer en julle aandag vra vir die buitemuurse aktiwiteite.

**GOLD RUSH**

Laat ek sommer met die deur dwarsdeur die huis val en met die „Gold Rush" begin. Hierdie goudstormloop het vanjaar nie eintlik veel spanning opgelewer nie, want die wenners was te vinnig vir enige mededinging.

Ja-nee, mense, Saterdagaand na die ontheffingsdinee (om presies te wees —10.45 nm.) is die kleimpie afgesteek. Die haastige delwer is niemand anders as **Daantjie Malan** nie, en die eerstejaar wat hom daartoe geïnspireer het is **Martie van Heerden** van Piet Groblerhuis.

Baie geluk julle twee, en mag dit nog 'n ware goudmyn van geluk vir julle wees.

Maar dit is nog niks:

„En niemand wis of dag daaraan 'n Wêreldrekord was geslaan."

Ek dink dit is voorwaar 'n rekord wat die „Gold Rush" betref, want dink daaraan: dieselfde aand waarop die eerstejaars hul vryheid kry, toe word Martie alweer deur Daantjie as persoonlike besit geëis.

Maar wag, dit is nie al nie! Die ander studentjies sit ook nie stil hier op die plek nie.

**KYSTE DIG**

Ongelukkig loop party mense hier op die Puk rond wat hulle kyste so dig hou dat 'n mens sou sweer dit is 'n staatsgeheim. **Klaas Badenhorst** en **Leonie Blanché** is nou al vyf maande en een week gekys. Nog 'n lang kys wat nou op die lippe kom is die een van **Dries Roets** en **Ralda de Jager**.

Om liewer láát te wees as nooit, wens ons hulle nou geluk.

Intussen raak „Ons Huis" se inwoners baie onrustig omdat **Mike Prins** elke aand na ete wegraak. Soos 'n prins van ouds saal hy af by **Petra van den Berg**.

Van Van den Berg's gepraat: **At van den Berg** het skaars hier op die Puk geland toe kruie hy na **Karien Yssel** toe. Gelukkig vir hom is sy die kortste van die twee.

Toe moes dit 'n voormalige Kovsie wees wat **Gerard (Zoeloe) Badenhorst** uit sy slaap gewek het. Veels geluk **Retha Kruger**. Dit is nou wat ek noem interuniversitêre betrekkings.

Die vakansie het baie mense aangespoor om nie meer alleen te gaan fliek nie. **Willem Potgieter** doen dit ook nie meer nie. Daar is mos 'n mej. **Van der Walt** van Johannesburg.

Op Pretoria vertel **Thorina Eloff** glo net van 'n sekere **Pietie**. By nadere ondersoek blyk dit toe dat hierdie „Pietie" ons eie **Piet Bosman** is. Hulle is 'n week voor verlede jaar se eksamen gekys—seker beter om so 'n donker toekoms hand-aan-hand in te gaan.

**KORRESPONDENSIE**

**Frik de Beer** vertel ook nie meer hoe hy gaan sleep as hy die kans kry nie. Nou vertel hy hoe hy die afgelope vakansie met **Louise Stander** gesleep het. Hy't ook nie net meer almanakke in sy kamer nie, maar 'n foto ook. Sy korrespondensie is natuurlik ook nie net tot sy ouers beperk nie.

Die geskiedenis herhaal homself; ou liefde roes nie. Dit is die rede waarom **Lou van Wyk** (**Heimat**) hierdie jaar weer met **Ina Venter** aan sy sy begin het—eintlik al die vakansie die voorbereidings getref.

**Gerrie Schutte** is deesdae gereeld in Johannesburg. Die dametjie wat hom verpleeg het, het blykbaar ook ander goeie hoedanighede ook. Ons hoop die dinge is daar net so gesond soos Gerrie self.

Ander kyste versier ook die Puk se spykerbankies en ons noem hier die volgende gevalle helde en heldinne:

**Marius Aucamp—Etta Spoelstra.**

**Barend Lessing—Greta van der Merwe.**

**Pottie Potgieter (Jnr.) — Ena Engelbrecht.**

**Willie Froneman—Ria Lourens.**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

Dan word **Koos Hatting** en **Annetjie Oberholzer** deesdae dikwels saam gesien, terwyl **Klaas Heysteck** en **Susan Kruger** blykbaar ook planne in die mou voer. Skud op—ons wag.

**VERLOWINGS**

Die verlowings is ook amper net so baie soos eerstejaars. Onder andere kon ons darem die volgende persone se verlowings uitsnuffel.

**Hannes Els — Louisa van der Vyver.**

**Salomie Oosthuizen — Anton Dreyer.**

**Louise Schoeman—Chrisjan Lang**ner van Carletonville.

**Ina Kleynhans—Gabriël Yssel** van Ventersdorp se distrik.

**Annetjie Venter—Hessel Dykstra.**

**Christien Postma — De Wet Krüger.**

**Loekie van der Schyff—Joh. van Tonder.**

**Valerie de Villiers—Johan Vorster.**

**Amanda Bekker—Marthinus du Plessis.**

**H. B. van der Walt—Bets Kruger.**

**VERDER GEGAAN**

Ander persone uit ons geledere het selfs verder gegaan en is in die huwelik bevestig:

**Jan van der Schyff—Francina van der Walt.**

**Hennie Maré — Theunsina van Wyk.**

**Christie Coetzee—Susan Coetzee.**

**Bingle Kruger—Erna Labuschagne.**

**Hannes van der Walt—Susan du Plessis.**

**Jan de Beer—Marlene van der Walt.**

● Tot volgende keer wanneer ek u weer hope geheime en sulke tipe goed vertel, sê ek totsiens en nogmaals baie geluk aan al die genoemdes.—ONZE OOM LOKOMOTIEF.

## Historiese Rariteit

*'n Verskynsel wat tagtig jaar gelede plaasgevind het en wat eers weer oor 4048 jaar sal gebeur, vind vanjaar plaas.*

*Dié interessante verskynsel is die feit dat as 'n mens enige geldstuk van 1961 onderstebo hou, die jaartal weer as 1961 sal lees.*

*Die vorige keer dat dit die geval was, was in 1881 en dit sal eers weer in die jaar 6009 voorval — indien iemand dit op daardie stadium nog sal belewe.*

*Eienaardig genoeg, val hierdie historiese gebeurtenis saam met die desimalisering van die S.A. geldstelsel.—(Eie Berig)*

# Bring algemene kennis Vervlakking?

Dit het al 'n gemeenplaas geword om te sê ons leef in die eeu van spesialisasie. In alle moontlike en onmoontlike vakke kan vandag grade behaal word.

Maar eweneens leef ons ook in die eeu van algemene kennis, want kennis word vandag as 't ware na die mens toe aangedra.

Dis tewens die eeu van die kind en die wagwoord bly maar „kennis". Aan hulpmiddels ontbreek dit nie: koerante en tydskrifte, boeke en radio, spesiale rubrieke en artikels, ontwikkelde ouers en die rolprent, vakansietoere en reise.

Die deursnee matrikulant kan vandag met gemak aan enige intelligente gesprek deelneem.

**EEN ONDERWERP**

Maar nou beweer sommige dat hierdie neiging tot algemene kennis ook sy nadelige sy het, want dit bring 'n gebrek aan diepte mee.

Met reg kan mens vra: „Hoeveel mense kan vandag alles of net naasteby alles oor een onderwerp, of selfs net 'n deel daarvan weet?"

Daar is al beweer dat algemene kennis beslis vervlakking in die hand werk, en dat daar waarskynlik nie eens een uit duisend persone is wat alles oor een enkele onderwerp weet —maak nie saak wat dit is nie— of selfs net oor 'n onderdeel van daardie onderwerp nie.

Iemand het miskien ál ons gedigte gelees, maar weet hy alles van een enkele digbundel of van een digter of van selfs net een belangrike gedig? Iemand kon al honderde boeke gelees het, maar dis twyfelagtig of hy alles van een enkele skrywer of van een belangrike boek weet.

**REISE**

Daar is mense wat al baie gereis het, hier sowel as oorsee; maar kan hulle jou alles vertel van een enkele stad of dorp, of van 'n biblioteek of museum, van 'n monument of 'n staatsman? Daar's breedte van kennis, maar geen diepte nie.

Algemene kennis is vandag bepaald nodig vir almal van ons, maar diepte kom beslis net deur noukeurige en harde studie.

Sou die wêreld ooit sy groot meesters op alle gebiede van die kuns gehad het as hulle hul nie so daarin verdiep het nie?

**WONDER**

Mens wonder tog hoeveel potensiële digters en skrywers, skilders en komponiste, filosowe en wetenskaplikes, vakmanne en deskundiges daar nie vandag in ons land rondloop wat tog nooit as sodanig bekend sal staan nie.

Sommige, omdat hulle nie in die vermoë is om verder te studeer nie; ander omdat hulle tevrede is met die breedte van kennis en nie geneë is om die diepte van een onderwerp te peil nie.

● Ook ten opsigte van ons studentelewe wonder 'n mens of dit nie beter is om één saak of aspek diep en intensief te ken nie as om iets van baie sake of aspekte te weet nie . . . —(Red., D.W.)

## Besige Jaar Lê Voor

Met heelwat van verlede jaar se veterane weer in die tuig en met belowende talent onder die eerstejaars lyk dit of die tennisklub hom beslis vanjaar op sportgebied sal laat geld.

Daar sal minstens drie spanne vir die liga ingeskryf word en sodoende sal aan alle spelers ruim geleenthede gebied word om wedstryde te kan speel. Die P.U. kampioenskappe word eersdaags gehou en daar kan dalk heelwat verrassings opduik.

Inskrywings vir die kampioenskappe moet op Vrydag, 10 Maart in wees. Verder word 'n beroep op lede gedoen om hulle ledegeld sonder versuim te betaal om in die voorregte van die klub te kan deel.

Met heelwat aangename vooruitsigte vir die jaar wens ons die tennisspelers alle sterkte toe en mag sukses volg op gereelde en harde oefening. —(Meegedeel.)

## Drie S.R.-lede Bedank op Tukkies

**Drie lede van die binnemuurse Verteenwoordigende Studenteraad van die Universiteit Pretoria het bedank as gevolg van 'n bepaling in die konstitusie dat mense wat hulle akademiese jaar nie slaag nie, nie op die Studenteraad mag dien nie.**

Mnr. Daan van der Merwe, voorsitter van die Studenteraad, het luidens 'n berig in Die Perdeby gesê dat die bedanking van die drie lede die masjinerie van die Studenteraad, wat reeds vyf maande aan bewind is, omver gooi.

Verdere skommelings in Studenteraadskringe sal ontstaan omdat twee van die betrokke lede ook op die uitvoerende komitee, en dus ook op die S.S.R., dien.

Die tussenverkiesing het op Dinsdag, 7 Maart plaasgevind. — (Eie berig.)

## Dr. S. J. v. d, Walt Hoogleraar

**Die Kiescollegium van die Gereformeerde Kerk het dr. S. J. van der Walt, tans predikant van Krokodilrivier, benoem as professor in die Dogmatologiese groep, aan die Teologiese Skool.**

Dr. Van der Walt volg prof. P. J. S. de Klerk op nadat die Kuratorium van die Teologiese Skool op sy versoek aan hom ontslag toegestaan het. Die benoeming is gedoen tydens die afgelope Sinode van die Gereformeerde Kerk wat in Februarie op Potchefstroom plaasgevind het.

Die nuwe hoogleraar het sy studie en propenentseksamen aan die plaaslike Teologiese Skool in 1929 voltooi en is in 1930 op Molteno bevestig as predikant.

In 1941 het dr. Van der Walt gepromoveer aan die Universiteit van Suid-Afrika en die graad Doctor Divinitatis behaal.

ONDERSTEUN STAATMAKERS!
APTEKERS
J. P. VAN DER WALT
(EDMS.) BPK.
POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK
Kerkstraat 118 POTCHEFSTROOM Telefoon 929

Probeer ons eerste vir
AL U BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN ANDER BENODIGDHEDE
OPEN 'N REKENING BY
AJAX
Boeke en Skryfbehoeftes
KERKSTRAAT 159 TELEFOON 3458

Trap vas met Dixi . . .
Dixi-Cola
Potch. Mineral Waters (Pty.) Ltd.
SHERR & SHAKINOVSKY
FOON 16 en 1144 POSBUS 134

Vir daardie hol gevoel op die maag . . .
Ons bak die
HEERLIKSTE
Vleispasteitjies
Turkstra
BAKKERY BAKERY
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 61 Potchefstroom

Studente!
Kuier vir
Joubert se Fiets- en Elektriese Dienste
VIR VINNIGE DIENS EN REDELIKE PRYSE

# UNIVERSITERE SPORTRAAD IN VOORUITSIG

DIE STIGTING VAN 'N Universiteite Sportraad bestaande uit personeellede en met doel die toesig oor, koördinasie van en bevordering van alle interuniversitêre sportbedrywighede (uitgesonderd Intervarsities) is op 6 Desember 1960 te Bloemfontein op 'n vergadering van verteenwoordigers van Universiteite bespreek.

'n Konsepkonstitusie is by die geleentheid aangeneem en is vir goedkeuring en bekragtiging na die Komitee van Universiteitshoofde verwys.

Beheer van toere deur S. A. Universiteitspanne, rotasie van sportbyeenkomste en kontak met provinsiale, nasionale en buitelandse sportorganisasies is van die belangrikste take van die voorgestelde Universiteite Sportraad. Ook sal die verantwoordelik wees vir die bepaling van interuniversitêre status van sportsoorte en byeenkomste en die toekenning van S.A.U.-erekleure.

### ROTASIE

Die verteenwoordigers van die P.U. vir C.H.O., mnr. S. du Toit en prof. D. J. van Rooy, het veral klem gelê op die rotasie van sportbyeenkomste ten koste van groot saamtrekke, op die aanstel van verantwoordelike spanbestuurders saam met toere en op die beginsel dat slegs bona fide studente aan interuniversitêre kompetisies mag deelneem

Onder bona fide studente word verstaan studente wat vir volle regeringssubsidie in aanmerking kom.

Verder word ook bepaal dat studente op versoek toegelaat sal word om hul sake voor die Sportraad te stel, dog hulle sal hoegenaamd geen sitting op die Sportraad hê nie.

Die Universiteite Sportraad sal bestaan uit agt lede, nl. een persoonlid van elke blanke S.A. Universiteit en 'n sekretaris-penningmeester, vir twee jaar aangestel. Uit eie geledere kies die lede dan 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter.—(Eie Berig.)

# „Dink aan jou Skepper"

DINK AAN JOU SKEPPER, die boek wat deur die publikasiekomitee van Korps gepubliseer is, is tot dusver baie gunstig ontvang.

In sekere kringe word die werk selfs bestempel as die beste wat nog verskyn het oor die jeug en jeugprobleme.

Verskeie vooraanstaande skrywers en geleerdes het bydraes oor die sentrale tema gelewer.

Die boek is by die penningmeester van Korps, mnr. Jurie Venter, verkrygbaar teen 75 sent, terwyl die prys by Pro Rege R1.00 bedra.

● Die Wapad hoop om in die volgende uitgawe 'n resensie van die boek te plaas.—(Eie berig.)

# Ken jy my nog?



**Hoewel mnr. Okkie Kruger op die foto baie in sy skik lyk, kan dieselfde sekerlik nie van die verdwaasde eerstejaars gesê word nie. Ewenwel, uitkenningsparades bly steeds gewild by ouhere.**

# *In en Om die Kleedkamers*

'n ERNSTIGE TERUGSLAG het die rugbyklub getref toe Piet Steinberg deur 'n operasie verplig was om sy stewels op te hang. Ons besef hoe 'n swaar slag dit vir Piet was, dog hy aanvaar dit gelate en soos wat ons hom ken—as 'n ware sportman.


Piet het 'n ernstige operasie in Pretoria ondergaan en sy rugwerwels moes deur been uit sy heup versterk word. Die oorsprong van die besering dateer sover terug as 1948, toe Piet in 'n motorongeluk betrokke was. Vanaf verlede seisoen het die besering in die vorm van lamheid in die been hom erg begin opkeil, dog steeds het Piet maar uitgehou en aangehou. Hoe gewillig die gees ookal was, die vlees wou egter nie meer nie en om miskien permanente lamheid te voorkom moes hy 'n operasie ondergaan.

### ROEMRYKE LOOPBAAN

Piet kan terugkyk op 'n roemryke loopbaan as rugbyspeler aan die Puk. In 1955 was hy een van die staatmakers in 'n baie goeie O/19 span en reeds die volgende seisoen was hy lid van die eerste span.

Vanaf 1956 tot 1960 was Piet 'n gereelde lid van Theos, hetsy as slot of flank, en hy het reeds in meer as honderd wedstryde vir die eerste span op die veld gedraf. Ook het hy sy provinsie, Wes-Transvaal, verteenwoordig in 'n dosyn of meer wedstryde en was hy lid van die Noordelike Universiteitespan wat verlede jaar teen die All Blacks gespeel het.

Maar veral die gees waarin Piet aan die spel deelgeneem het, maak sy bydrae daartoe so groot. 'n Eerlike, harde en skoon speler was Piet, 'n man wat nie bang was om die



**Piet Steinberg.**

reguit pad te loop nie en het hy dit wat hy bereik het op 'n eerlike en oop wyse bereik—iets wat helaas nie van al ons sportmanne gesê kan word nie.

Ons voel oortuig dat slegs hierdie ongelukkige besering van Piet verhoed het dat hy die hoogste eer in ons studentesportsamelewing sou bereik. Daarom des te meer voel ons die verlies van hierdie ou grote.

### TOERMAAT

'n Lekkerder toermaat kan 'n mens nie kry nie en ook daar sal sy afwesigheid gevoel word. 'n Toer sonder Piet Steinberg sal ondenkbaar wees.

Namens die sportpubliek ons hartlike dank aan Piet vir sy bydrae tot sport en veral tot rugby. Mag hy ook in die studentelewe sy regmatige deel verkry en mag sy dienste ook daar nuttig gebruik word.—(Sportred., D.W.)

# Pukke se Kanse Goed Teen Vierfontein

WILLIE FRONEMAN, WAT die Pukke se krieketspan verlede Saterdag teen Vierfontein op Vierfontein in 'n ligawedstryd aangevoer het, het vir 'n totale ineenstorting van die tuisspan gesorg deur die driekuns te behaal.

Froneman wat slegs twee boulbeurte waargeneem het en 10 lopies afgestaan het, het byna-byna 'n vyfkuns behaal. 'n Geenbal na sy driekuns het verhoed dat hierdie besondere prestasie hom te beurt val.

Vierfontein was almal uit vir 85 lopies waarvan Thomas 32 aangeteken het.

### GOEIE TELLING

Die Pukke het daarna gaan kolf en met uitskeityd was die telling 46 lopies vir vier paaltjies. Die manne wat reeds terug is in die pawiljoen is Jan Ras (2), Johan Viljoen (15), Andries van der Walt (15) en Froneman (5).

Die wedstryd word aanstaande Saterdag voortgesit en Tonie Richards (4) en Kobie van der Walt (0) is nog voor die penne.—Eie berig.)

# RASSIE SMIT NA DIE V.U.

Mnr. E. J. (Rassie) Smit, alombekende veteraanfiguur in ons studentegeledere, het reeds aan die begin van die maand oorsee vertrek vir verdere studie.

Mnr. Smit gaan sy studie in Nederland aan die Vrije Universiteit van Amsterdam voortsit en is van voornemens om daar te promoveer.



**Mnr. E. J. Smit.**

In ons studentegemeenskap is daar beslis 'n leemte by die afwesigheid van mnr. Smit. Hy was altyd 'n bron van stille krag en standvastigheid in die studentelewe in die algemeen. Ook op interuniversitêre terrein het die woorde van mnr. Smit groot krag gedra en was hy 'n leidende figuur.

Waar hy nou in die vreemde verkeer, stel hy nog steeds intens belang in sy Alma Mater en sal Die Wapad gereeld ontvang.

Namens die studente wens die redaksie hom alle seën en sterkte toe op sy verdere loopbaan. — (Eie berig.)

# GESLAAGDE TOERNOOI

Met 'n blik van selftevredenheid kan die bofbalklub terugkyk na die eerste bofbaltoernooi wat op Potchefstroom gehou is.

Hoewel die span nie te goed gevaar het nie, het hulle 'n reuse bydrae gelewer tot die sukses van die toernooi. Elke spanlid het getrou die pligte aan hulle toevertrou nagekom sodat die organisasie vlot kon verloop. Veral moet melding gemaak word van die waardevolle raad en leiding van mnr. J. S. K. Bosman en mnr. P. de Wet.

Die toernooi is gewen deur Universiteit Kaapstad. 'n Gekombineerde S.A.U.-span het Wes-Transvaal 19—5 geklop. Toy Dannhauser was lid van die S.A.U. B-span.

Aan almal wat tot die sukses van die toernooi bygedra het, ons hartlike dank—namens die bestuur.—(P. E. Bosman.)

# Nuwe Kollege in Goudstad

'n Opleidingskollege met Afrikaans as voertaal is aan die begin van die jaar in Johannesburg gestig.

Die ontstaan van die kollege is nie alleen die enigste van sy soort in die Goudstad nie, maar is ook van groot betekenis vir die A.S.B. Dit beteken dat die Afrikaanse student 'n vastrapplek in die land se grootste stad kan verkry.

Die skakelkomitee onder voorsitterskap van dr. P. J. Meyer, voorsitter van die Radioraad, het reeds volwaarmoontlikheid gestel dat 'n volwaardige Afrikaanse Universiteit later uit die kollege kan groei.—(Eie berig.)


**REBA KAFEE**

NOU ONDER NUWE BESTUUR
(Vosloo en Croucamp)

**Is u dors?**
Koeldrank is die ding wat help!

Besoek ons vir:
★ BETER DIENS

Asook
★ SIGARETTE
★ LEKKERS
★ VLEISPASTEITJIES

**Ons spesialiseer in alle Studentebenodigdhede**

**„Same Day" Droogskoonmakers**

Kerkstraat 196A

Vir Hoflikheid en Vinnige Diens

ALLEENLIK VIR BLANKES

**BULT GARAGE (Edms.) Bpk.**

H/v Tom- en Von Wiellighstraat
POTCHEFSTROOM

vir

SMERING, PETROL, OLIE, REPARASIES en ander benodigdhede

*Cachet Modes*

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389

POTCHEFSTROOM

**Rokmateriaal -- veral roklengtes**

**NOMOTTA-WOL in voorraad**

# P.U. gaan toer na Boland en S.W.D, in April

**'n TOER NA DIE Boland en S.W.D. gedurende die April-vakansie, 'n wedstryd teen die Duikers op 8 Julie te Durban en Intervarsity teen U.O.V.S., vanjaar op Potchefstroom, is van die aantreklikste bepalings vir vanjaar se rugbyseisoen.**

Die toer begin op 3 April en wedstryde sal gespeel word teen Worcester of Wellington, Mosselbaai, Oudtshoorn en George. Dit behoort die Pukke 'n groot mate van fiksheid te besorg reeds voordat met die ligawedstryde op 22 April 'n aanvang gemaak word.

Verder bly so 'n toer iets onvergeetliks vir elkeen wat dit meemaak.

**HOOGTEPUNT**

Die wedstryd teen die Duikers behoort, as dit in dieselfde gees as verlede jaar plaasvind, die hoogtepunt van die seisoen te wees. Verskeie persone is dit eens daaroor dat die Puk sy beste wedstryd in jare gespeel het toe hulle verlede jaar die Duikers met 14—3 geklop het.

Wat Intervarsity betref: hoewel Puk verskeie staatmakers verloor het, is die nodige plaasvervangers daar en daar word uitgesien na 10 Junie (moontlike Intervarsity-datum).

**PROEWE**

Op 18 Maart word interne proefwedstryde gehou en op 20 Maart word die toerspan bekend gemaak. Op Saterdag, 25 Maart vind die jaarlikse wedstryd teen Welkom Rovers op Potchefstroom plaas terwyl die wedstryde teen Wits vanjaar op Milnerpark in Johannesburg plaasvind in die tweede semester.

**SEWE SPANNE**

Puk gaan vanjaar ses en moontlik sewe spanne inskryf vir die liga. Mag die grootste mikpunt altyd wees nie om te wen nie, maar om mooi en oop voetbal te speel sodat sowel speler as toeskouer dit kan geniet.

Per slot van sake is en bly dit maar 'n spel en doen ons die karakter van die spel skade aan deur daarvan 'n jong oorloggie te maak.—(Eie berig.)

TAFELTENNIS

## Pukke Delf Onderspit

**In die eerste vriendskaplike wedstryd van die seisoen het die provinsiale span van Wes-Rand die Pukke Woensdag (1 Maart) oortuigend geklop.**

Hoewel Faan Oosthuizen, Eddie de Jager en Joe Breytenbach nie opgewasse was teen hul meer ervare teenstanders, Schulze, Waters en Reid, nie, was hulle gladnie ontuis in sulke groot geselskap nie.

Die dames A-span het ook swaar geleef teen Wes-Rand A, waar veral mev. H. Botha, S.A. tafeltenniskampioene van 1959, was te uitgeslape vir die Pukke. Irene Rumff het die beste gevaar vir die Pukke.

Die mans B-span was reg op hulle stukke en het Sentraal Wes-Koöperasie B met 8—3 geklop. Tollie du Plooy het, hoewel dit sy eerste wedstryd was, die beste gevaar en nie 'n enkele wedstryd verloor nie.

Op Woensdag, 8 Maart begin 'n baie bedrywige liga. Puk het drie manspanne en twee damespanne ingeskryf en sal aan altesaam 66 ligawedstryde deelneem.—(Eie berig.)


**LE ROUX ATELJEE**

vir al u

FOTO'S EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE

asook

**GRADEDAGFOTO'S**

Besoek ons Ateljee te

VON WIELLIGHSTRAAT 33 TELEFOON 2217




# Sterkte!




# Lion Export Ale

VZ006124/2

Piet Bosman, die Pukke se nuwe voetbalkaptein.

# Fiksheid, Selfbeheersing en Waardigheid Gevra

**'n BEROEP OP RUGBYSPELERS om self te oefen, om selfbeheersing aan te kweek en om hul oral waardig te gedra en die Universiteit se naam altyd hoog te hou, is deur die president van die rugbyklub, mnr. S. du Toit, gedoen op die jaarvergadering van die klub wat op Maandagaand, 27 Februarie gehou is.**

Mnr. Du Toit het verskeie voorbeelde genoem van spelers in die verlede wat hierdie eienskappe besit het en wat dit ver gebring het in die lewe. Onder andere het hy genoem proff. W. N. Coetzee en Hertzog Venter asook mnr. Piet Malan, die oud-Springbok; nie net was hulle goeie voetbalspelers nie, maar ook leiers en goeie studente.

**REPUTASIE**

Mnr. Jannie Schutte, voorsitter van die klub, het die klem laat val op stiptheid en bygevoeg dat geen speler op sy reputasie gekies sal word nie—'n prysenswaardige gedagte.

Piet Bosman is tot kaptein verkies in die plek van Toy Dannhauser met Carl Grundling as die nuwe onderkaptein. Jan van der Schyff is as addisionele lid verkies.

Mnr. J. Hattingh is as permanente hoofafrigter van die klub aangewys.



Carl Grundlingh, die Pukke se nuwe onderkaptein.

Hy sal die eerste en tweede spanne afrig, terwyl mnre. N. Arnold en P. de Wet vir die laer spanne en mnr. Cas Kruger vir die O/19's verantwoordelik sal wees.

Die vergadering is goed bygewoon en as die geesdrif as 'n maatstaf geneem kan word dan sal dit vanjaar sommer baie goed gaan met die Puk se rugby.—(Eie berig.)

# PUKKE VAAR GOED OP KRIEKETTOERNOOI

**DIE PUKKE het tydens die krieketoernooi van die S.A. Universiteite in Kaapstad aan die begin van Desember verlede jaar die stoutste verwagtings oortref en deurgaans uitstekende spel gelewer ten spyte van hul gebrek aan wedstrydoefening.**

Die Maties het die toernooi gewen met Wits tweede, Kaapstad derde en Rhodes vierde. Saam met Pretoria en Natal het die Pukke vyfde op die punteleer geëindig.

Hoewel die Pukke slegs een van hul vier wedstryde gewen het, het hulle die Witsies ook byna-byna die loef afgesteek. Wits het die wenlopie teen die Pukke in die laaste minuut aangeteken met slegs drie paaltjies staande.

**ONGELUKKIG**

Barry Pithey is gekies vir die B-span van die S.A.U. wat teen Boland gespeel het. In dié wedstryd het hy 17 lopies aangeteken, hoewel die algemene gevoel was dat hy ongelukkig was om nie in die A-span ingesluit te word nie. Nog 'n Puk wat ongelukkig was om nie eens die B-span te haal nie, is Christie Coetzee wat deurgaans 'n steunpilaar vir sy span was.

Op die eerste dag van die toernooi het die Pukke kragte gemeet met die sterk span van Rhodes. Rhodes kon slegs 122 lopies bymekaarskraap teen uitstekende boulwerk van Vic van Aswegen (5/23) en Gert Snyman (4/35).

Die Pukke se kolwers kon egter nie die goeie werk van hulle boulers voortsit nie en was almal uit vir 62 lopies waarvan Hessel Dykstra en Coetzee elk 11 behaal het. Rhodes het gewen met 66 lopies.

**MOOI OORWINNING**

Tukkies is in die volgende wedstryd met 89 lopies verslaan. Pithey het puik gekolf en 82 foutlose lopies aangeteken voordat hy skoongeboul is. André Muller (53) en Coetzee (35) het ook goed gevaar met die kolf teen die sterk boulaanval van die Tukkies.

In antwoord op die Pukke se beurttelling van 234 lopies vir 8 paaltjies verklaar, kon die Pretorianers slegs 145 lopies behaal danksy pragboulwerk van Van Aswegen (4/21), Dykstra (2/28) en Coetzee (2/16).

**OPWINDEND**

Wits het n' besonder opwindende oorwinning oor die Pukke behaal. Hulle het die Pukke se eerste drie kolwers goedkoop uitgehaal voordat Pithey (65) en Coetzee (41) in die bresse getree het en 90 lopies in 98 minute geslaan het.

Vervolgens het Barnes, Wits se kaptein, onder die stertkantkolwers gewoel sodat die Pukke almal terug was in die pawiljoen vir 166 lopies. Wits het hierdie totaal in die laaste minuut van die wedstryd verbygesteek met drie paaltjies staande. Mentor (61) en Eddie Barlow (49) het dit moontlik gemaak.

Die Maties het die Pukke in hul laaste wedstryd met sewe paaltjies verslaan. Die Pukke was almal uit vir 124 lopies waarvan Hugh Katzen (35), Muller (25) en Coetzee (13) die meeste bygedra het. Die Maties het hierdie telling ingehaal vir die verlies van drie paaltjies.

● Met die ondervinding wat veral die jonger spelers op die toernooi opgedoen het en die geesdrif waarmee die manne die wedstryde aangepak het, dui alles daarop dat krieket 'n belowende toekoms aan die P.U. het.—(Red., D.W.)

Gedruk deur Enslins, Potchefsroom, en uitgegee deur die P.U. vir C.H.O. Studenteraad.

## Ses Rekords Geslaan

Ses rekords is deur Pukatlete opgestel tydens die P.U. kampioenskappe wat op Saterdag, 25 Februarie gehou is. Die atletiek was deurgaans van 'n hoë gehalte en taai wedywering is deurgaans ondervind.



Alta de Kock.

Rekords is geslaan deur J. Hatting: werpskyf mans, 126vt. 10¼dm., en gewigstoot O/19, 40vt. 6½dm.; M. Postma: gewigstoot 42vt. 11dm.; Willemse: werpskyf O/19, 123vt.; J. Barnard: 220 hekkies, 27.5 sek.; en Alta de Kock: werpskyf dames, 115vt. 9¾dm.

Verdienstelike vertonings is ook gelewer deur Pietman Botha en Hentie Joubert, albei eerstejaars; Botha het die driekuns behaal deur die 100, 220 en 220-hekkies te wen in goeie tye, terwyl Joubert die 440 tree in die goeie tyd van 50.6 gewen het.

Van die ouer garde het Jurg van der Walt, Christo Thuynsma, Kotie de Jager en Johan van der Schyff ook getoon dat hul dae nog geensins verby is nie.—(Eie berig.)

## Klub Vanjaar Sonder Staatmakers

Die krieketklub sal vanjaar sonder die dienste van verskeie staatmakers moet klaarkom, o.a. sonder B. Pithey, M. Faul, H. Dykstra, C. Coetzee, V. van Aswegen en A. Muller.

Die jonger garde is egter gereed om oor te neem en om op die goeie vertonings van die ou manne voort te bou.

Die ervaring wat hulle op die jongste krieketoernooi opgedoen het, sal vir die oorblywende spelers goud werd wees en boonop het daar 'n paar belowende nuwelinge by die klub aangesluit, sodat die nuwe seisoen met verwagting binnegegaan word.—(Eie berig.)

## Judo Gaan Van Krag tot Krag

Die judoklub gaan van krag tot krag. Reeds spog dit met 'n ledetal van digby die sestig en daar is rede om verdere uitbreiding te verwag.

Verskeie wedstryde teen ander judospanne word in die vooruitsig gestel terwyl die klub ook nog aan die interuniversitêre kampioenskappe gedurende Julie in Kaapstad sal deelneem.

Vir die eerste keer sal daar dan 'n span van die klub aan die toernooi deelneem.—(Meegedeel.)